



# SAKELIGA

SELFSTANDIGE SAKEGEMEENSAP

## Ekonomiese oorsig vir besluitnemers in die sakewêreld Oorsig vir Julie 2019





Die tema van 'de-ontwikkeling' wat in ons April-verslag genoem is, bly 'n goeie beskrywing van die trajek wat Suid-Afrika se ekonomie volg. Verder kan die huidige ekonomiese kwellings beskryf word as nie soseer siklies nie maar as eerder struktureel van aard.



In 'n de-ontwikkelende land krimp die middelklas, produkte en dienste raak minder volop en minder mededingend, en voorsieningskettings word dunner en minder goed ontwikkel en geïntegreerd. Emigrasie maak waardevolle vaardighede minder toeganklik. Die gehalte van dienslewering deur die staat gaan agteruit. Die land se armes kan meer geradikaliseer en ontevrede begin raak. Staatskorrupsie bly 'n probleem. Om 'n lewenstyl van gehalte te bekostig, raak buite verhouding duur.



Strukturele uitdagings is onder meer regeringbeleid wat oormatig ontwrigtend en voorskriftelik raak en private kommersiële inisiatiewe en investering aan bande lê. Boonop beteken grootskaalse besteding deur die staat nog groter druk op die regering om belasting te verhoog.



Sake-eienaars bedryf hul sake binne dié uitdagende konteks en moet dit oorweeg om minder van transaksies met die staat afhanklik te wees.



Buiten grootskaalse massakleinhandel is die geheim in 'n de-ontwikkelende ekonomie om 'n goeie lewe uit lae volumes te kan maak. Dit beteken om besigheidslýne na te streef wat deur produksie, beskermbare intellektuele eiendom, lae bokoste, buitelandse blootstelling en hoë marges gekenmerk word.

# Sake- en ekonomiesepaneelbord vir Suid-Afrika (Julie, 2019)

## Hoe maklik/moeilik is SA handelstoestande?

● huidig ● 1 jaar tevore

0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10

Baie Moeilik

Neutraal

Baie Maklik

## Is prysinflasie laag of hoog?

0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10

Hoë Inflasie

Neutraal

Lae Inflasie

## Is dit maklik/moeilik vir verbruikers en ondernemings om krediet te kry?

0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10

Maklik om krediet te kry

Neutraal

Moeilik om krediet te kry

## Hoe in staat (nie in staat) is SA ondernemings om hul werksmagte uit te brei?

0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10

Baie moeilik daartoe in staat

Neutraal

Baie maklik daartoe in staat

## Onder hoeveel finansiële druk verkeer die regering?

0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10

Uiterse Finansiële Druk

Neutraal

Uiterse Finansiële Gesondheid

## Is die Rand Sterk of Swak?

0 1 2 3 4 5 6 7 8 9 10


Uiterse Swak Rand

Neutraal


Uiterse Sterk Rand

# Suid-Afrikaanse ekonomie saamgevat


**Hoofsaak:** Ekonomiese data het in K2 verbeter, ná 'n versengende K1. Aanwysers toon dat SA eerder onder strukturele as sikliese ekonomiese probleme gebuk gaan. Die regering handhaaf tekorte wat kommerwekkend hoog is.




Ondanks 'n mate van herstel sedert 2016 bly die ETM Macro Advisors **SA Leading Economic Indicator (LEI)** onderkant neutraal, 'n teken van strammer saketoestande, flou arbeidsmarkte en 'n verdiensteomgewing vol uitdagings. Die aanwyser toon egter nie tekens van 'n skerp daling nie, wat suggereer dit wat die ekonomie laat kwyn is nie siklies van aard nie, maar struktureel. **Na 'n versengende K1 waarin die BBP weens beurtekrag en 'n verswakkende wêreld ekonomie met 3,2% gekrimp het, het ekonomiese toestande in K2 oënskynlik verbeter danksy 'n bestendiger energienetwerk.**



Suid-Afrika se **begrotingstekort** het in K2 2019 beduidend vergroot namate staatsbesteding die hoogte ingeskiet het tot nagenoeg 33% van die BBP, terwyl belastinginkomste effens verbeter het tot 27% van die BBP. Die lopende geannualiseerde tekort bly sowat 5%, veel hoër as die nasionale tesourie se vooruitgeskatte syfers. Met dié soort tekort is Suid-Afrika goed op pad om 'n tekort van R250 miljard vir 2019/20 aan te teken, tensy die fiskale situasie verbeter. **Die president het in sy staatsrede aangekondig die regering gaan R230 miljard aan finansiering vir Eskom uitgee, wat vir bykomende fiskale spanning sorg.**




Indiensnemingstoestande in K1 2019 was uiters swak en het tot vroeg in K2 so swak gebly. Die ETM **Employment Composite Index** het egter in Mei verbeter, want peilingsdata dui op 'n matige terugkeer van vertroue wat nuwe aanstellings betref. Dis nog te vroeg om te sê of dit blywend is en kan bloot verband hou met matige heraanstellingsaktiwiteit na K1 se werkverliese weens die onbestendige kragnetwerk. **Onder sulke indiensnemingstoestande bly dit relatief maklik om personeel te vind en te bekostig, hoewel die groot getalle waarin mense emigreer vaardighede skaarser maak en sekere bedrywe onder druk plaas.**




Die verkope van **middelslag-handelsvoertuie** – paneelwaens, afleweringwaens – is 'n nuttige aanwyser van stedelike kleinhandel- en groothandelbedrywighede. Ons dink aan dié aanwyser as die "leuensbloedaanwyser" – 'n aanduiding van die vervoer van goedere in stedelike ekonomieë, van sakeondernemings se belegging in logistiek, van produksieuitset en hoe sterk die vraag is. Verkoopsvolumes stem tans met die langtermintendens ooreen nadat dit sedert die vorige borrel in 2012–2015 beduidend verlangsaam het. **Die verkope van middelslag-handelsvoertuie groei klaarblyklik stadig en stort nie in duie nie, wat op die lae grondslag van verkope en die gebrek aan ekonomiese agteruitgang van 'n skerp sikliese aard dui.**


**Hoofsaak:** Gemengde wêreldekonomiese tekens, maar vroeë tekens van 'n herstel in Asië dui op 'n mate van verligting. Die goudprys word deur lae rentekoerse en sentrale banke se onsekerheid ondersteun. Dit bied 'n mate van steun aan die rand.




Amerikaanse ekonomiese aktiwiteit verlangsaam nou reeds langer as 'n jaar. Die **saamgestelde leidende aanwyser** van ekonomiese aktiwiteit dui op 'n betekenisvolle afname, maar kondig nog nie 'n akute risiko van 'n resessie aan nie. Vervaardigingsyfers is swak, maar ander ekonomiese aanwysers soos vragmotorverkope bly veerkragtig en dit lyk of inflasierisiko's voorlopig die wyk geneem het. Ons gaan voort om hierdie saamgestelde aanwysers en ander betroubare leidende aanwysers dop te hou vir tekens van 'n dieper ekonomiese verlangsaaming. **Beleggers verwag dat die Federale Reserweraad in die maande en kwartale wat voorlê rentekoerse sal moet verlaag, wat verwagtinge vergroot dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank dit ook sal oorweeg om die repokoers te verlaag.**



Die vernaamste **Europese leidende aanwysers** skets nie 'n florerende prentjie nie. Tog bly kleinhandelaktiwiteite tot dusver meesal onverstoord en bestuursaankope in die dienstesektor bly taamlik lewendig, terwyl kredietmarkte nie juis tekens gee dat die nood druk nie. Ook lyk dit nie of inflasie in Europa en Brittanje 'n risiko is wat die huidige siklus sal beëindig nie. Italië en groot Europese banke bly die strukturele punt van wanfunksionering. Hewige leningsverliese staar Deutsche Bank steeds in die gesig. **Soos Suid-Afrika gaan Europa klaarblyklik die swaarste onder sy tuisgemaakte strukturele probleme gebuk, nie sikliese probleme nie, asook onder ongunstige makrokrigte wat van buite Europa afkomstig is, heel waarskynlik van China.**



Die **goudprys** het uiteindelik uit sy driehoekspatroon gebreek, wat aandui dat die mark meer oortuig is van goud se waarde. Hoekom? Ons meen dit is omdat sentrale banke weereens na 'n lossere monetêre beleid terugkeer, of sê hulle gaan dit doen. Staatseffekte ter waarde van R13 TRILJOEN in Europa en Japan verhandel teen 'n negatiewe opbrengs. Dit beteken jy betaal 'n regering om aan hom geld te leen! Vreemd? Inderdaad. **Dit is 'n uiterste verwringing van markrentekoerse deur sentrale banke, en die gebrek aan opbrengste op gewone kontant- en effektebates dwing beleggers terug na aandele en goud. Beleggers hou ook van goud wanneer die wêreldekonomie verlangsaam, soos tans.**



Ondanks 'n mate van ekonomiese somberheid in Europa en elders het **leidende ekonomiese aanwysers** in Asië onlangs weer effens kop opgetel. Ons meen dit is vanweë die noodmaatreëls vir monetêre en fiskale stimulering wat die ekonomiese beleidsowerheid in China ingestel het, asook belastingverlagings in China. Asië was die afgelope kwarteeu 'n belangrike aandrywer van wêreldgroeï en wanneer dié streek dus begin herstel kan die hele wêreld, Suid-Afrika inkluis, daarby baat. **Ons behoort nietemin versigtig te wees om nie te veel te lees in die onlangse Chinese herstel nie. Die Chinese finansiële stelsel bly onder druk, met 'n enorme negatiewe effek wat deur swak lenings en ontluikende bankstelselkrisisse teweeggebring is.**



# *Verlag saamgestel deur:*

---

*Gerhard van Onselen*

*Senior Ontleder: Sakeliga*

&

*Russell Lamberti*

*Hoof: ETM Macro Advisors*

---